HEBREW PEOPLE BIED AAN



# HEBREEUS IS LEKKER MAKLIK!

Werkboekie vir die Kursus

deur
Tiaan Nel

# שָׁלוֹם

Welkom by hierdie wonderlike reis om Hebreeus te leer! Dankie dat jy saam met ons leer en dat ons hierdie pad saam met jou mag stap.

Moet asb nie hierdie werkboek kopieër of versprei nie.
As jy belangstel in ons leermateriaal, kontak Tiaan gerus.

Die aanlyn lesse is beskikbaar op www.kolkallah.com

Stuur jou huiswerk asseblief altyd direk vir Tiaan Nel:
tiaan@hebrewpeople.com
+27 82 097 0408

Geniet dit!

*Drukkervriendelike idee: stel jou drukker in om vanaf die tweede bladsy te begin druk en in swart en wit te druk.*

Die lesse is op ‘n donasie basis. Donasies is welkom en kan hier inbetaal word:

*T Nel*
*Absa Bank*
*9178127919*
*Tjek rekening*

# Les 107 שִׁיעוּר 107

**Kyk gerus na die opnames van die lesse om die konsepte in elke eenheid te verstaan. Die regte uitspraak en belangrike wenke word in die opnames gegee!**

**Kleur kodes:**
In Hebreeus word voornaamwoorde, werkwoorde en byvoeglike naamwoorde in manlike en vroulike geslagte gekategoriseer . Ons sal die volgende kleurkodes gebruik om dit vir jou makliker te maak:
Blou vir manlike woorde of die manlike manier om iets te sê
Rooskleur vir vroulike woorde of 'n vroulike manier om iets te sê
Groen vir woorde wat vir manlik en vroulik gebruik word

In vandag se les leer ons die persoonlike voornaamwoorde vir 'hy' en 'sy', 'n paar sinne, meervoude, kleure en 'n opbouende Bybelversie. Geniet die les!

**Ons het al in Les 105 geleer hoe om** ‚uitstekend' te sê, maar julle huiswerk is so goed, dat ek die tyd wil neem om te sê dat julle 'n *'uitmuntende'* werk doen!

| | |
|---|---|
| uitmuntend / uitstekend | מְעוּלֶה |

**Persoonlike voornaamwoorde:**
*Die voornaamwoorde met die geel agtergrond is die wat ons reeds geleer het. Gaan voort om dit te oefen en te gebruik. Hierdie week voeg ons 'hy' en 'sy' by.*

| | | |
|---|---|---|
| ek | אֲנִי | |
| jy | אַתָּה | |
| jy | אַתְּ | |
| ons | אֲנַחְנוּ | |
| hy | הוּא | |
| sy | הִיא | |

**Nuwe werkwoorde**

Werkwoord: sing (לָשִׁיר)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | שָׁרָה | שָׁר | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | שָׁרוֹת | שָׁרִים | Manlik meervoud |

Werkwoord: vas (לָצוּם)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | צָמָה | צָם | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | צָמוֹת | צָמִים | Manlik meervoud |

Werkwoord: opstaan (לָקוּם)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | קָמָה | קָם | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | קָמוֹת | קָמִים | Manlik meervoud |

Werkwoord: woon (לָגוּר)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | | גָּר | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | | | Manlik meervoud |

**Opdrag:**
Voltooi die vervoeging van die werkwoord 'woon'.

**Wortel** (שׁוֹרֶשׁ)

Werkwoord: vlieg (לָטוּס)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | טָסָה | טָס | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | טָסוֹת | טָסִים | Manlik meervoud |

*In Hebreeus deel woorde wat met dieselfde ding te doen het gewoonlik 'n wortel* (שׁוֹרֶשׁ). *Kyk of jy die ooreenkoms tussen die werkwoord 'vlieg' - wat ons reeds geleer het - en die volgende woorde kan herken:*

| | | |
|---|---|---|
| vlieg | טָס | |
| vlug | טִיסָה | |
| vliegtuig | מָטוֹס | |
| loods | טַיָּס | |

→***Het jy gesien*** *dat al die woorde die letters Tet en Sameg (טס) bevat? Die twee letters staan nie noodwendig in elke woord langs mekaar nie, maar hulle is daar! En dit is die gemeenskaplike wortel van al hierdie woorde, wat almal iets met ‚vlieg' te doen het. Ons sal in 'n ander les kyk na <u>wortels en hoe om hulle te bepaal</u>, maar miskien sien jy self 'n paar raak terwyl ons Hebreeus leer.*

**Meervoud**
Ons het al op 'n paar meervoude afgekom in ons lesse, maar vandag wil ons spesifiek na meervoude kyk en begin om hulle te leer. In Afrikaans word die meervoud meestal gevorm deur 'n agtervoegsel of 'n verbuiging van die enkelvoudvorm van die selfstandige naamwoord. Die verbuiging is in onse mooie Afrikaans afhangende daarvan op watter letter die woord eindig.

In Hebreeus hang die meervoud van die **geslag van die woord** af. Ja, jy het reg gehoor… <u>Anders as in Afrikaans of Engels word die selfstandige naamwoorde as óf manlik óf vroulik geklassifiseer</u>. Dit is ongelukkig nie iets wat ons logies kan aflei nie en die geslag van die woord moet saam met die woord geleer word. Die geslag van 'n woord is belangrik, want die beskrywende woorde en getalle word ook volgens die geslag van die selfstandige naamwoord vervoeg.

- Die manlike meervoud word gevorm deur die agtervoegsel ים aan die enkelvoud te heg;
- en die vroulike meervoud word gevorm deur die agtervoegsel וֹת aan die vroulike enkelvoud te heg.

In die meeste gevalle eindig 'n vroulike enkelvoudige selfstandige naamwoord in Hebreeus met 'n ה en is dus maklik om raak te sien. Daar is natuurlik 'n hele paar uitsonderings, dus kan ek net aanbeveel dat jy die geslag van elke selfstandige naamwoord leer terwyl jy jou woordeskat leer.

| **Afrikaans** | **Enkelvoud** | **Meervoud** | **Plek om te oefen** |
|---|---|---|---|
| glas / koppie | כּוֹס | כּוֹסוֹת | |
| Challa | חַלָּה | חַלּוֹת | |
| Menora | מְנוֹרָה | מְנוֹרוֹת | |
| vlug | טִיסָה | טִיסוֹת | |
| bal | כַּדּוּר | כַּדּוּרִים | |
| nommer | מִסְפָּר | מִסְפָּרִים | |
| kleur | צֶבַע | צְבָעִים | |
| vliegtuig | מָטוֹס | מְטוֹסִים | |
| loods | טַיָּס | טַיָּסִים | |
| geld | כֶּסֶף | כְּסָפִים | |

**Kleure:**

| **Afrikaans** | **Hebreeus** | **Plek om te oefen** |
|---|---|---|
| blou | כָּחוֹל | |
| wit | לָבָן | |
| rooi | אָדוֹם | |
| groen | יָרוֹק | |
| oranje | כָּתוֹם | |
| geel | צָהוֹב | |
| grys | אָפוֹר | |
| pienk | וָרוֹד | |
| pers | סָגוֹל | |
| swart | שָׁחוֹר | |
| bruin | חוּם | |
| goud | זָהָב | |
| silwer | כֶּסֶף | |
| Koper / brons | נְחוֹשֶׁת | |

→ *Hoor spesiale staaltjies oor die verskillende kleure in die aanlyn sessie! Byvoorbeeld: Wanneer is blou en wit 'een kleur' en wat het rooi met die mensdom en die aarde te doen? Waarom is die kleure koper, brons en koper een kleur in Hebreeus?*

**Bybelvers**
Om die dieper geestelike betekenis van die Bybelvers te verstaan, kyk asb. na die opname. Daar is soveel skatte wat ons in Hebreeus kan ontdek! *Hier sien ons byvoorbeeld dat die vertaling baie verskil van dit wat ons in Hebreeus leer…*

**Hooglied 6:3**

| | |
|---|---|
| Ek (is) | אֲנִי |
| aan my beminde | לְדוֹדִי |
| en my beminde | וְדוֹדִי |
| aan my | לִי |
| die Herder | הָרֹעֶה |
| in die lelies | בַּשּׁוֹשַׁנִּים |

**Nota:**
בַּ beteken *in die* en is 'n kombinasie van die twee woorde of בְּ (in) en הַ (die)
*Ons sal in die toekoms nog sulke kombinasies leer en raakloop.*

**Huiswerk:**
Skryf hierdie Bybelvers asb. in Hebreeus neer. Stuur ook asseblief vir Tiaan 'n stem nota waar jy hierdie vers lees of opsê.

**Ekstra opdrag i.v.m. ons vers:**
- Soek die woorde *in* en *die*
- Soek die woord wat op 'n manlike meervoud-vorm eindig
- Soek die agtervoegsel wat aandui dat iets *myne* is
- Watter persoonlike voornaamwoord word gebruik?

**Woordeskat:**

| Afrikaans | Enkelvoud | Meervoud | Plek om te oefen |
|---|---|---|---|
| geld | כֶּסֶף | כְּסָפִים | |
| koffie | קָפֶה | | |
| suiker | סוּכָּר | סוּכָּרִים | |
| melk | חָלָב | חֲלָבִים | |
| brood | לֶחֶם | לְחָמִים | |
| koek | עוּגָה | עוּגוֹת | |
| lemoen | תַּפּוּז | תַּפּוּזִים | |
| Wortel (van woorde) | שׁוֹרֶשׁ | שָׁרָשִׁים | |
| Wortel (groente) | גֶּזֶר | גְּזָרִים | |
| Lelie (die blom) | שׁוֹשָׁן | שׁוֹשַׁנִּים | |

**Werkwoorde**

Vervoeg die werkwoorde in hierdie praktiese werkwoord kaart:

| הִיא | הוּא | אֲנַחְנוּ | אֲנַחְנוּ | אַת | אַתָּה | אֲנִי | אֲנִי | Infinitief | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | טָס | | | | | | טָס | לָטוּס | *vlieg* |
| | | | | | | רוֹצָה | | לִרְצוֹת | *wil (wil hê)* |
| שָׁרָה | | | | | שָׁר | | | לָשִׁיר | *sing* |
| | | | | צָמָה | | | | לָצוּם | *vas* |
| | | | קָמִים | | | | | לָקוּם | *opstaan* |
| | | גָּרוֹת | | | | | | לָגוּר | *woon* |

Onthou asb. om jou huiswerk en enige vrae wat jy het vir Tiaan te stuur!